Boer van die jaar woeker met grond

Landbouskrywers SA Noord het Bosveld Groep as Boer van die Jaar aangewys (2014). Ten einde aan 'n groter gehoor te wys hoekom die grootste sitrusprodusent in die land die toekenning ontvang het, het mediaverteenwoordigers en betrokkenes uit die sakewêreld hulle besoek.

DIE BOSVELD GROEP is 'n familiesaak wat in 1954 met 'n melkery en skaapboerdery begin het. Milaan en Vonnie Thalwitzer se ontslape vader, Mannetjie, het sy liefde vir landbou met sy seuns gedeel. Die boerdery is in 2001 in twee verdeel waarna Vonnie hom in die Langkloof gevestig het. Milaan en sy vrou Antoinette het vier dogters waarvan drie se eggenote by Bosveld Groep betrokke is. Die Groep bestaan uit tien maatskappye. Die eienaar met die meerderheid aandele is die Milaan Thalwitzer Trust, en Bosveld Sitrus is die moedermaatskappy.

'n Belangrike kenmerk van die groep is hul geografiese en produkdiversifikasie in die Olifantsrivier, Blyderivier, Watervalsrivier, Krokodilrivier en Letabarivier omgewings. Die plase, produksie-eenhede en tien pakhuise is bykans 350 tot 400 km van mekaar geleë en verskeie gemeenskapsopleidingsprojekte van basiese geletterdheidsopleiding, middelvlakbestuursopleiding tot kuns- of musiekklasse word vir werkers en hul gesinne aangebied.

Die Mopanie-streek

In die Mopanie-streek van Letsitele, Tzaneen en Hoedspruit word onder meer 37% van Suid-Afrika se Valencia-lemoene, 12% sagte sitrus, 44% pomelos, 24% suurlemoene, 49% avokados, 19% lietsjies, 'n groot persentasie makadamias en mango's en 24% tamaties geproduseer. Meer as 2 000 ha word in Letsitele bewerk, waarvan 600 ha uit sitrus bestaan (hoofsaaklik pomelos en Valencias). Die volgende geld hier:

- Water is 'n groot beperking en mikro- en drupstelsels asook 'n gerekenariseerde oop hidroponiese besproeiingstelsel word ingespan om die bome 8 tot 12 keer per dag te besproei.
- Bome word soms uitgehaal as dit nie winsgewend produseer nie, of wanneer 'n kultivar se gewildheid verminder.
- Die sitrusbome word op riwwe geplant omdat sekere tipes grond nie vir boomgewasse geskik is nie. Die riwwe bevoordeel water- en suurstofbestuur na die wortels en dien ook as beskerming omdat daar nie oor die wortels gery en die grond gekompakteer word nie.
- Stambeskermers word gebruik om die jong boompies se stamme teen chemiese middels, sonbrand en insekte te beskerm.
- Snoeiwerk vir voldoende lig in die bome is baie belangrik en word hoofsaaklik met die hand gedoen omdat takke meer selektief uitgesny word en minder hergroei plaasvind.
- Energie-doeltreffende elektriese motors en veranderlike spoedmeganismes word gebruik. Dit bring groot elektrisiteitbesparings mee, veral in die lig van operasionele 24-uur aanlegte.

Mabete Sitrus-plaas in Letsitele is 'n bemagtingingsmaatskappy waar werkers 'n belang van 42% in die maatskappy het. 'n Klein hoeveelheid navellemoene word hier geproduseer en by die pakhuis op Mabete ontgroen.

In 2003 het die boerdery na die Tzaneen-omgewing uitgebrei waar avokados die piesangproduksie aanvul. Die drie plase lê op verskillende hoogtes en avokados word regdeur die jaar gepluk. Boerdery in die berge is nie maklik nie, maar wel winsgewend.

'n Gemeenskap in die Hoedspruit-distrik wat 'n plaas met 68 ha sitrus deur 'n grondeis verkry het, het Bosveld Groep verlede jaar genader om dit saam met hulle te bestuur. Die Groep huur ook 'n gesogte plaas van die Moletele-gemeenskap in die Hoedspruit-omgewing. Dié gemeenskap is baie besorg oor hul grond waarop meerendeels pomelos, Valencias en 'n klein hoeveelheid mango's geproduseer word. Olifants River Estate is 'n Bosveld Groep plaas in Hoedspruit wat 370 ha sitrus, pomelos, Valencias en suurlemoene verbou. Nuwighede soos granate is hier beproef, maar het weens siektes, eekhorings, bobbejane en ape misluk. Daar word wel met wild en beeste geboer.

Onderberg-streek

In die Onderberg-streek van Malelane en Komatipoort, 'n goeie piesanggebied, word sitrus, suikkerriet, mango's en lietsjies geproduseer. Die Groep is in samewerking met 'n filiaal, Karino

Een van die Groep se pakhuise.



Verskillende jare se Boer van die Jaar-wenners saam: Gerrit van der Merwe, Milaan Thalwitzer (Bosveld Groep), Charl Senekal, BP Greyling, Rossouw Cillié, Louis de Kock en Hennie Retief.

Magda du Toit (voorsitter van Landbouskrywers SA) en Bosveld Groep se bestuurslede: Cornel van der Merwe, Marinus Neethling, Piet Smit en Milaan Thalwitzer.

Samuel Mukeri het in 1984 by Bosveld Groep begin werk. By hom is Samuel Mathalela en Daniel Chauke.

Farms (Riverside) wat een van die grootste lietsjie-uitvoerders in die land is. 'n Geakkrediteerde kwekery produseer jaarliks tussen 200 000 en 300 000 boompies wat hoofsaaklik na die Bosveld Groep gaan. Die Groep het vyf pakhuise in die Onderberg-streek en benewens vrugteproduksie word werkers hier in verskillende bedrywe opgelei, naamlik boerdery, kookkuns, hout- en sweiswerk. In samewerking met twee Europese supermarkgroepe word opheffingswerk onder die gemeenskap gedoen. Die plaas Riverside het 'n gholf-akademie vir jong swart plaaslike inwoners wat deur die SA Golf Development Board (SAGDB) ondersteun word.

Burgersfort-streek

Waterval Sitrus in die Burgersfort-gebied is die jongste toevoeging tot die Groep se boerderygrond. Dit is deel van 'n loodsprojek van die nasionale beplanningskommissie en 'n uitsonderlike plaas vir sagte sitrusboerdery.

Kostebesparings

Die Bosveld Groep probeer om voortdurend te meganiseer en op hoogte met nuwe tegnologie te bly, maar terselfdertyd arbeid te besnoei. Op die stadium is daar gemiddeld een permanente arbeider per 5 ha in diens, maar die Groep se doelwit is om die syfer na 6 ha op te stoot.

'n Kostebesparing voorbeeld is die onderhoud van mikrobesproeiing waar twee werkers op 'n quad-motorfiets, toegerus met 'n opsporingstoestel, foutiewe spuite opspoor en vervang. Op die wyse word 6,5 ha se spuite per uur deurgegaan en herstel. Die opsporingstelsel dui ook aan in watter boorde die meeste besproeiingsprobleme ontstaan en watter boorde daagliks gedek word. In die verlede het agt werkers dié taak verrig.

Die Bosveld Groep het 'n arbeidsmag van 1 045 permanente en 3 500 seisoenale werkers. Laasgenoemde word as plukkers, in die pakhuise, as snoeikontrakteurs en vir ander kontraktake ingespan. Die Groep benader plukwerk, die resultaat van maande se arbeid en finansiële insette, met groot sorg. 'n Groot aantal werkers word ingespan omdat elke vrug per hand met 'n sker afgeknip word. Voor die instelling van die minimumlone is werkers per kilogram vergoed. Die Groep het 'n formule saamgestel waarvolgens die minimumloon betaal word en werkers 'n bonus ontvang wanneer meer vrugte as die standaard gepluk word. Dit het meegebring dat minder werkers teen laer koste in 'n korter tydperk as die vorige seisoen gepluk het. Flukse plukkers se verdienste neem op dié manier ook aansienlik toe.

Bemarking

Komati Fruits is die Groep se handelsmerk vir bemarking plaaslik en oorsee. Hoewel die oorwegende kleur van die verpakking swart is word sekere produkte vir die plaaslike markte in groen en geel Komati kartonne verpak. Daar word gepoog om soveel as moontlik vrugte vir uitvoer te produseer en die meeste uitskot gaan na versappingsaanlegte. Meganiese en elektroniese sorteerders word in die pakhuise gebruik wat vrugte volgens grootte, vorm en kleur indeel, maar finale kwaliteitsgradering en pakwerk geskied steeds per hand. Ook hier ontvang die produktiewe pakkers 'n bonus.

In die lig van al hierdié werksaamhede, bestaan daar geen twyfel waarom Bosveld Groep as 2014 se Boer van die Jaar aangewys is nie. <<